water/jg

Een miljoen huishoudings se water gaan binne 'n maand of twee ondrinkbaar wees as gevolg van die geweldige toevloei van menslike afvalprodukte in die Vaalrivier. Die Rand-waterraad sê die probleem dreig om in 'n nasionale ramp te ontaard omdat die besoedelde water 'n geweldige gesondheidsrisiko skep. Die Raad se woordvoerder, Sam Tshabalala het gereageer op die NNP-lid van die Ekurhuleni-raad se verklaring dat die munisipaliteit nie geld het om lekkende pype te vervang of die infrastruktuur op te knap nie. Duisende liter water met afval gaan verlore deur die stukkende pype en beland in die Vaalrivier.